

Sondag 34 Dankbaarheid is om God eerste te plaas

Dag 1:

1. Fokus op mekaar: (± 30 min – dalk tydens aandete)

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was, wat vreugdes of teleurstellings was, waar hy of sy hulp nodig het.*
- *Is daar iemand wat van 'n spesiale (of gewone) ontmoeting met die Here kan vertel? B.v. iets besonders raakgesien of ervaar.*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here: (±15 min)

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 119:39 is sekerlik dié Psalm wat die gelowige se verhouding met die wet van die Here die duidelikste besing:

*HEER, u woord is my 'n fakkelt
wat sy ligglans voor my dra,
Voor my voet die duisternisse
van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontverming
dit bevestig dat ek my
van 'n wêreldnag omgewe,
deur die ligglans wil laat lei*

b. Gebedsvoorstelle:

- * Loof die Here vir sy daaglikse sorg.
- * Dank die Here vir sy genade in Christus.
- * Bid dat die Here jou hart sal vol maak met die bewustheid van Christus se liefde.
- * Dank die Here dat Hy duidelik in sy Woord ons leer hoe ons behoort te leef.
- * Bid die Here dat sy Gees jou op die regte pad sal lei.

2.2. Die Here met ons: (±30min)

Lees Sondag 34 hardop eenkeer deur

(Die Kategismus gee die wet soos dit in die '33/'53 vertaling staan, indien dit vreemd klink, lees die wet uit Eksodus 20)

Vra: Waaroor gaan dit hier, wat is die hoofpunte wat Sondag 34 ons wil leer?

v.92. *Die Wet van die Here wys ons hoe goeie werke moet lyk.*

v.93. *Die gebooie leer ons wat ons verhouding met God en ons verhouding met ons naaste behoort te wees*

v.94-95. *Ek wys my dankbaarheid deur God eerste te stel*

Belangrike woorde:

Tafels: Moses het toe hy die wet van die Here af gekry het, dit op twee plat klippe ontvang, hierdie klippe was 'tafels' genoem. Ons praat daarom ook van tafels as ons dink oor die indeling van die wet.
Ons praat ook dikwels van die vertikale en horisontale lyne van die wet.
Die eerste vier wette is vertikaal (dit beteken boontoe) en gaan oor ons verhouding met God
Die laaste ses wette is horisontaal (dit beteken op gelyke vlak) en gaan oor ons verhouding met ons naaste

Gebied gebied beteken "beveel," dit is die teenoorgestelde van "verbied"

Sieleheil Hoe goed of sleg dit met my siel (my innerlike, onsterflike) wese gaan.
As ek voortdurend sonde doen gaan dit sleg met my siel en voel ek ver van God.

Saligheid	As ek streef om God te gehoorsaam en naby Hom te leef gaan die goed met my siel. Hier beteken saligheid of ek gered is of nie. As ek so ongehoorsaam aan God is dat ek Hom heeltemal verwerp kom my saligheid (my verlossing) in gedrang.
Afgodery	Dit is om in die plek van God, soos Hy hom in die Woord bekend gemaak het, iets anders uit te dink, of te hê waarop ek my vertrouwe stel. Ek moet op God alleen vertrou.

Leidende vrae

1. Die kategismus haal die Ou Vertaling aan en sê in die inleiding tot die wet: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, *uitgelei* het." Die Nuwe vertaling praat van "*bevry het*." Hoekom dink jy het God sy wet ná die verlossing uit Egipte gegee?
Doen Christene goeie daade om verlos te word of uit dankbaarheid
2. Is daar iets in jou lewe waarop jy eerder as op God vertrou?
Bv. Vertrou jy meer op jou ouers as op God? Dink jy dat dit afgodery is?
Wat sou maak dat dit nie afgodery is nie?
As ek die Here dank dat Hy ouers vir my gee wat my versorg – dan vertrou ek op God wat my deur my ouers versorg
3. Hoe kan ek God reg leer ken en my vertrouwe op Hom versterk?
4. Vertrou jy genoeg op God om in na Hom te luister?
5. Hoe kan jy in jou verhouding met God groei? Maw hoe kan jy God nog beter lief hê, vrees en eer?

3. Fokus op die wêreld en die skepping (±15 min)

Hoe ervaar/wat dink jy van die wet van die Here?

Bv. In die erediens, op 'n weeksdag, as dinge skeefgeloop het?

Om oor na te dink:

Die wet van die Here staan nie teen Christelike vryheid nie. In teendeel, dit is 'n onderwyser wat ons na Christus toe lei deur ons bewus te maak van ons sonde en ons nood vir 'n Verlosser. Jesus gee weer vir ons die wet as 'n gids vir dankbare geloofsluwe.

Die wet van God is nie ons vyand nie, dit is ons vriend, dit is nie die stem van 'n vreemdeling nie, maar die stem van ons Vader.

Om volgens die wet van die Here te wandel beteken om saam met Christus te loop – en dit is ware vryheid.

Sondag 34 Dankbaarheid is om God eerste te plaas

Dag 2:

1. Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was.*
- *Is daar iemand wat van 'n spesiale (of gewone) ontmoeting met die Here kan vertel?*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 25:2 Sing van gelowige wat van God die regte pad wil leer:

*Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë
om met lus daarop te gaan.
Wil my deur U waarheid leer,
lei my dwalende gedagte;
want U is my heil, O Heer!
U is ek altyd te wagte.*

b. Gebedsvoorstelle:

* Bid Psalm 25:2 vir julle gesin.

2.2. Die Here met ons:

Lees Psalm 95 hardop deur

Vra: Waaroor gaan dit hier, wat is die hoofpunt wat Psalm 95?

In die 1ste gebod gaan dit daaroor om God eerste te stel. Psalm 95 kontrasteer die lewe van dié wat God eerste stel met dié wat hulle nie aan Hom onderwerp nie.

Leidende vrae

1. Wat is die redes waarvoor ons in die Here kan jubel (om te jubel is om in blydschap uit te roep)?
2. Wat, sê verse 1-7, is alles wat God vir jou doen?
Hoe laat dit jou voel om te weet dat God dit vir jou doen?
3. Wat, sê verse 1-7, is die gelowige se reaksie op alles wat God doen?
Hoe laat dit jou voel om dit te doen?
4. Kan jy jou hele lewe inrig in reaksie op die wonder van God? Hoe sal dit lyk?
5. By Massa en Meriba het Israel gesê: "Is die Here by ons of nie?" (Eks 17:7). Getuig dit van 'n geloof wat God eerste plaas?
6. Is daar maniere en plekke in jou lewe waar jy ook die Here tart en sy geduld beproef alhoewel jy weet wat alles is wat Hy doen?

3. Fokus op die uitleef van jou geloof

- Tydens aanbidding besing ons God se lof as ons betroubare Redder, die groot Koning, en die enigste Skepper van die heelal. Ons hoor die stem van die Here in die lees en prediking van die Woord. Wat leer verse 1-7 ons oor ons reaksie op God se woord in ons aanbidding?
- In die erediens is daar een van twee opsies: ons kan met 'n blye hart God verheerlik deur Christus, of ons kan ons harte verhard en God beproef. Watter een van die twee opsies kies jy?
Vlug weg van die oordeel van God deur jouself onder die sorg van die Goeie Herder te plaas, Hy wat sy lewe vir sy skape afgelê het, en roep jou hele hart op om God te aanbid.

Sondag 34 Dankbaarheid is om God eerste te plaas

Dag 3:

1. Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê wat die dag met hom of haar gebeur het, hoe sy of haar dag was, wat vreugdes of teleurstellings was, en waar hy of sy hulp nodig het. Het jy iewers iets van God raakgesien, beleef, geleer of uitgeleef?*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Sb 1-2: 1-3 sing van God se verheewentheid (hoe Hy bó alle dinge is):

*Prys Hom, die Hemelvors, op sy verhewe troon,
loof Hom aan Wie die hemelkoorhul hulde
steeds betoon.*

*Aan Hom, die Skepperheer, kom toe die eer en
mag.*

*Sy Woord het alles voortgebring, roem ewig sy
gesag.*

*Loof Hom, die Lam van God, want Hy's vir ons
geslag.*

*Hy het ons met sy bloed gekoop; besing sy
reddingsmag.*

*Uit elke stam en taal het Hy ons vrygemaak;
sy koninkryk, sy priesterschap – dít het Hy ons
gemaak.*

*Lof, eer en heerlijkheid, die wysheid en die krag
behoort aan God daar op die troon en aan die
Lam, geslag.*

*Tot in die ewigheid sal ons die lied laat hoor;
die hele skepping oraloor roep "Amen" in 'n
koor.*

b. Gebedsvoorstelle:

* Loof God vir die feit dat Hy ewig,
alomteenwoordig, alwetend, onveranderlik,
alwys, volmaak is.

* Dank God dat Hy in sy liefde na jou toe
neerbuig en sy eienskappe tot jou heil
aanwend.

(Dit sal goed wees om hierdie terme te
verduidelik en in stilgebed een vir een daaroor
na te dink)

2.2. Die Here met ons:

Lees Efesiërs 5:1-5 hardop deur

Vra: Waaroor gaan dit hier?

*God gee ons sy wet sodat ons uit dankbaarheid kan leef soos Hy wil hê ons moet. Deur sy wet te
gehoorsaam straal ons die heiligheid van God in die wêreld uit. Daarom moet ons nie onheilig leef nie,
want dit getuig dat ons eerder aan 'n afgod as die ware God gehoorsaam is.*

Leidende vrae

- Kan mense aan jou lewe sien dat jy God eerste plaas? Straal jy 'n iets van God se heerlijkheid uit in hoe jy goedheid, geregtigheid, waarheid en liefde uitleef soos jy Christus se voorbeeld navolg?
- Wanneer ons afgode aanhang oortree ons outomaties God se wet. Kan jy aan jou eie lewe sien dat jy meer lief vir afgode of meer lief vir God is?

3. Fokus op die wêreld en die skepping

Dink aan die wêreld – wat is van die dinge wat mense najaag wat erge nagevolge vir hulself of die omgewing het. Sien jy iets van 'n afgodery daarin raak?

Sal dinge anders lyk as mense uit dankbaarheid leef om God eerste te plaas?